Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

April
2009

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 313 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

# AAND VAN UITNEMENDHEID

## VEERTIEN BEKROON VIR BUITENGEWONE BYDRAES

Munisipaliteit Overstrand is in die benydenswaardige posisie dat van die land se beste talent in hierdie gebied woon of noue bande met die streek het. Vanweë hul verbintenis met die gebied, bevorder hulle nie net die beeld van Overstrand nie, maar ploeg baie van hulle vrywillig van hul tyd, geld en energie in ons gemeenskap terug.

Daarom het die Uitvoerende Burgemeester, rdl Theo Beyleveldt, besluit om op 'n gepaste wyse erkenning te gee aan voortreflike inwoners en is daar op 13 Maart 2009 'n Aand van Uitnemendheid in die Overstrand-burgersentrum op Hermanus gehou… die eerste in wat hopelik een van dié jong munisipaliteit se groot tradisies gaan word.


Plaaslike kunstenaars, soos Die Vyf Menere en die Hermanus Peace Brothers, onder die komiese compèreskap van die aktrise Marga van Rooy, het die aand ingelui waar veertien ontvangers vereer is vir hul bydrae op die terreine van diens aan die gemeenskap, kuns en kultuur, sport en rekreasie en/of handel en nywerheid.



*In die kollig by Overstrand se Aand van Uitnemendheid: Verrell Herbert, Onderburgemeester, Esje du Toit, Theo de Wet, David Beattie, Marrianné Beyleveldt, Nothabile Alam, Theo Beyleveldt, Burgemeester, Tim Hamilton-Russell, Gio Aplon, Henri Kuiper, Theo de Meyer en Danie Rautenbach.*



*Die Vyf Menere*



*Hermanus Peace Brothers*



*Marga van Rooy*

Op die gebied van diens aan die gemeenskap is die volgende persone uitgelig:

- David Beattie, die man wie se visie en organiseringsvernuf Hermanus se kuspaadjies 'n sieraad vir die dorp gemaak het en iets vir almal om te geniet, terwyl sy Kuspaadjie-bestuursgroep nou as model dien vir soortgelyke inisiatiewe elders binne en buite Overstrand;
- Tim Hamilton-Russell, grondlegger van die wynbedryf in Overstrand wat met sy kennis en deursettingsvermoë nie net die deure vir 'n hele nuwe bedryf geopen het nie maar ook 'n waardevolle bydrae tot die bewaring van Hermanus se erfenis gelewer het;
- Henri Kuiper, stigter van die Enlighten Education Trust wat besef het dat daar op die gebied van onderwys meer as die gewone gedoen moet word om 'n verskil aan die lewens van ons gebied se inwoners te maak en met ywer en passie 'n droom verwesentlik het;
- Theo de Wet, een van die steunpilare van die Enlighten Education Trust en bestuurder van die Junior Stadsraad waardeur die jong leiers van ons gebied reeds op 'n vroeë ouderdom geïdentifiseer en vir hul toekomstige taak toegerus word onder die slagspreuk "ons leer terwyl ons lei";
- Nothobile Alam, gemeenskapswerker en staatmaker van die Rainbow Trust wat met volharding en toewyding daagliks na die versorging van MIV/vigslyers in Zwelihle omsien;
- Theo de Meyer, filantroop wat met sy omgee vir ander en volgehoue werk onder die armstes van die armes 'n vaderfiguur in die Zwelihle-gemeenskap is;
- Estelle le Roux, deur wie se passie vir die beskerming van diere fenomenale sukses vir die Kleinmond-dierebeskermingsvereniging bewerkstellig is, nie net wat die ontwikkeling van puik fasiliteite betref nie maar ook ten opsigte van opvoeding en bewusmaking vir die saak van diere in arm gemeenskappe;
- Tommy Gelderblom, wat as gemeenskapsleier in Hawston altyd reg staan om ander te help en as voorsitter van die Overstrand-sorgsentrum die bestuur van hierdie organisasie op 'n hoë peil geplaas het; en
- Michael Lutzeyer, 'n leier in sowel die toerismebedryf as gemeenskapsontwikkeling wat die samebindende krag van sport raakgesien het en hom onvermoeid beywer het vir die ontwikkeling van die ABSA Gansbaai-sportsentrum met behulp van buitelandse geld en ondersteuning.

Op die gebied van sport en ontspanning is die volgende vereer:

- Kaptein Danie Rautenbach, stigter van die Gansbaai-stoeiklub wat sedert 1998 twee junior Springbokke, 20 SA kampioene en 65 provinsiale kampioene opgelewer het en as afrigter vir nasionale spanne na Turkye (2006 en 2008), Skotland en die Statebondspele gedien het;
- Gio Aplon, seun van die Hawstonvissersgemeenskap wat ten spyte van vele teleurstellings volhard het om sy rugbytalent te ontwikkel tot waar hy vandag in die Springbok-sewespan, die Stormers en die WP-span opgeneem is en selfs al vereer is as Speler van die Sewes-reeks in Frankryk en vir die Beste Curriebeker-drie;
- Fanie van der Merwe, wenner van twee goue medaljes by die Paralimpiese Spele in Beijing wat sedert geboorte serebraal gestrem is en met harde werk en deursettings-vermoë die hoogste sport bereik het; met sy sagmoedige geaardheid is hy 'n uitmuntende ambassadeur vir Suid-Afrika; en
- Naomi Muller, Suid-Afrika se voorste langafstandruiter en die Suid-Afrikaner met die hoogste posisie op die internasionale ruitersfederasie se ranglys, woon op 'n plaas in die Hemel-en-Aarde-vallei en is getroud met 'n munisipale amptenaar; sy het Suid-Afrika al by ses geleenthede verteenwoordig.

En vir haar bydrae op die gebied van kuns en kultuur:

- Esje du Toit, boekstawer van Overberg-geskiedenis, veral dié van die mense van Hermanus en Stanford, wie se werkywer ondanks die boeie van haar persoonlike omstandighede onoortreflik is.

# OPWINDING OOR UNIEKE VIERKAMP

Opwinding is aan die opbou oor nog 'n nuutjie in Overstrand se toevlugsoord vir walvisse: 'n Vierkamp wat in en om Walkerbaai gehou gaan word. Tydens hierdie geleentheid op Maandag 13 April 2009 gaan atlete 'n sirkelroete van 52 km langs en oor die baai in vier dissiplines aflê: 2,5km swem, 5,5km draf, 23km fietsry en 21km roei met see-kajakke. Prysgeld van R10 000, geskenk deur Whalecoast Marketing, kan gewen word. Deelnemers kan óf as individue óf as spanne inskryf wat sportgroepe of korporatiewe maatskappye verteenwoordig. Die historiese Ou Hawe gaan as eindpunt diens doen en sal behoorlik gons van bedrywighede. Bring jou gesin en vriende om die atlete aan te moedig en weg te lê aan die heerlike eet- en drinkgoed. **Navrae kan gerig word aan MC Botha by See-en-Sand, tel 028 314 0252 / 083 273 8238, of epos mc@hermanus.cc**




# MELD BEDROG HIER AAN

As deel van sy Bedrogvoorkomingsplan moedig die Munisipaliteit Overstrand sy kliënte aan om van die Nasionale Bedrog-brandlyn gebruik te maak om ongerymdhede onder owerheidsgesag se aandag te bring. Die nommer is **0800 701 701.**

Hoewel dit vir ondersoekdoeleindes verwag word dat die rapporteerder sy of haar naam op rekord moet plaas, mag so 'n persoon daarop aandring dat hy of sy anoniem bly. Daar is uit die aard van die saak geen probleem daarmee as 'n klaer onreëlmatighede regstreeks aan die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder of Interne Ouditeur rapporteer nie.

## MORELESTANDAARDE-INISIATIEF: NR1

# DIE WAARDE VAN BETROUBAARHEID

Die Munisipaliteit Overstrand ondersteun die Morelestandaarde-inisiatief in sy poging om ses basiese waardes in ons gemeenskappe te hervestig. Tesame met die plaaslike owerheid het ander belangrike rolspelers soos skole, kerke en werkgewers hulle tot hierdie inisiatief verbind en kan hulle nog daarby aansluit.

Die eerste van hierdie waardes wat vandeesmaand in die kollig gestel word, is BETROUBAARHEID. Oor die volgende maande, sal daar ook in die Bulletin aandag geskenk word aan die oorblywende vyf: Respek, Verantwoordelikheid, Regverdigheid, Omgee en Goeie Burgerskap.

Ons hunker almal daarna om in 'n omgewing te lewe waar ons mense en dinge kan vertrou. Ons wil in 'n betroubare voertuig kan reis; ons wil betroubare krag- en watervoorsiening hê, en ons wil op die lewering van dienste kan staatmaak.

Daar is talle voorbeelde waar ons na betroubaarheid hunker, maar boweal wil ons ervaar dat diegene wat 'n impak op ons lewens het, betroubaar is: ons geliefdes, ons vriende, die politici, die sakelui met wie ons handel dryf, om maar 'n paar te noem.

Ons lewe ongelukkig in 'n samelewing wat gekenmerk word deur 'n hoë voorkoms van onbetroubaarheid. Almal van ons kan talle voorbeelde hiervan noem. Dit gee noodwendig onmiddellik aanleiding tot dié vraag: Ervaar ons hier in ons eie leefomgewing 'n kultuur en karakter van betroubaarheid, of nie?

Wat kan ons doen om BETROUBAARHEID as een van ons gemeenskap se karaktereienskappe te vestig en te versterk? Die antwoord is eenvoudig: Onthou, betroubaarheid is nie 'n abstrakte begrip nie. Dit word vergestalt in die manier waarop jy dink en teenoor ander optree. Dus, om betroubaar te wees, begin by jou: die individu.

Kortom, betroubaarheid word vergestalt deur die deugde wat 'n mens openbaar. Dit sluit rotsvaste integriteit in; met ander woorde, wees eerder beginselvas as 'n opportunis. Insgelyks weet jy wanneer jy met 'n betroubare persoon te make het wanneer beloftes onvoorwaardelik nagekom word, en dit nogal volgens ooreengekome vereistes. Betroubaarheid verg noodwendig dat jy lojaal sal wees teenoor die wat op jou staatmaak, selfs al verg dit opoffering. Voorts kan betroubaarheid gelykgestel word aan volkome eerlikheid en 'n verbintenis tot die waarheid, wat noodwendig beteken dat daar nooit enige sprake van misleiding, bedrog en/of korrupsie sal wees nie.

Kom ons werk saam om betroubaarheid 'n besondere kenmerk van ons gemeenskap te maak: sy mense, sy sake-omgewing en al sy ander instellings. Die beste plek om te begin is natuurlik by jouself en jou gesin. As ons hier volkome eerlik met mekaar kan wees en ons ondernemings gestand doen, het ons die grondslag vir betroubaarheid in 'n breër gemeenskapsverband gelê.

Nadere besonderhede kan verkry word deur Ernst Kretschmer by 082 412 4538 of Ronél Mostert by 082 470 3975 te kontak. Finansiële bydraes is welkom en kan in die rekening van die Hermanus-transformasievereniging by Nedbank se Hermanus-tak gedeponeer word. Die rekeningnommer is 1345027931.

# APPÈLLE TEEN SSB-VERLIGTINGSPAD SE REKORD VAN BESLUITNEMING VERWERP

Uitvoerende Burgemeester Theo Beyleveldt het by die Februarie-raadsvergadering aangekondig dat die appèlle teen die Rekord van Besluitneming van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning rakende die omgewingsimpakstudie van die Hermanus-SSB-verligtingspadprojek deur die Wes-Kaapse LUR vir Plaaslike Regering, mnr Pierre Uys, verwerp is.

Dit beteken dat die saga rondom die Stasieterreinontwikkeling haas afgehandel is, en hy het gesê dat daar spoedig met werk aan hierdie uiters nodige ekonomiese inspuiting vir die gebied begin sal word wat ook die herlewing van die sentrale sakebuurt in Hermanus tot gevolg sal hê.

Volgens mnr Stephen Muller, Direkteur van Infrastruktuur en Beplanning, sal tenders vir die projek gedurende April 2009 aangevra word. Indien alles vlot verloop, sal daar middel-Junie met werk aan die paaie begin word.

Die projek bestaan uit die herbelyning van die verbypad vanaf die interseksie by Hoofweg en Spence-straat tot waar dit weer by Hoofweg in die omgewing van die Marinehotel aansluit. Drie verkeersirkels sal aangebring word. Die totale koste verbonde aan die opgradering word op R28 miljoen geraam.

Die projek sal in verskillende fases afgehandel word. Meer inligting rakende die sluiting van paaie en alternatiewe roetes sal in 'n latere stadium bekend gemaak word nadat daar saam met die suksesvolle tenderaar aan praktiese oorwegings aandag geskenk is, het mnr Muller gesê.

Mnr Muller het ook aangekondig dat die opgradering van die Markplein in Mei 'n aanvang sal neem. Dit sal die derde fase van die verfraaiing van Hermanus se waterfront wees wat voorafgegaan is deur die Kransplein- en die Gearingspunt-projek. Alhoewel die tenderproses nog nie afgehandel is nie, word daar geraam dat die projek tussen R5 miljoen en R6 miljoen sal kos.

Deel van die projek is om die handelaars se area te herontwikkel, openbare toilette te voorsien en 'n toeriste-inligtingspunt in die omgewing te vestig.

# NOMINASIES VIR OMGEWINGSTROFEE

Dit is weer eens die Overstrand Bewaringsforum (OBF) se voorreg om nominasies aan te vra vir die gesogte Burgemeesterstoekenning vir Bewaring in die Overstrand. Die wenner sal op Donderdag 11 Junie 2009 tydens 'n prysuitdelingseremonie ter herdenking van Wêreldomgewingsdag aangekondig word.

Die ontvanger van die toekenning sal óf 'n individu óf 'n organisasie wees wat 'n buitengewone bydrae tot omgewingsbewaring binne die munisipale gebied van Overstrand gemaak het.

Nominasies moet voor 30 April 2009 op 'n inskryfvorm geskied en gerugsteun word deur 'n skriftelike motivering waarin die persoon of organisasie se buitengewone bydrae tot omgewingsbewaring beskryf word.

'n Volledige stel kriteria en riglyne vir die opstel van voorleggings kan by die OBF se kantore of op die OBF se webwerf (www.ocf.co.za) verkry word.

Die wenner sal R5000 in prysgeld ontvang wat vir die organisasie wat hy/sy verteenwoordig se bewaringswerk aangewend moet word. Daar sal ook 'n beoordelaarstoekenning wees ter waarde van R2000 vir die nominasie wat na die paneel se oordeel besondere meriete het.

Navrae kan gerig word aan Megan by ocf@telkomsa.net.

**DO YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE?**
SMS your account number with **E** for **English** to **082 338 1631** or contact your nearest client service officer

**UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI?**
Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no **X** omele **isi Xhosa** kule nombolo **082 338 1631**